kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: Nabetragting, herbesinning

Skriflesing: Lukas 17:11-19

Broodjies vir die pad

"Let us be grateful to the people who make us happy; they are the charming gardeners who make our souls blossom."
— Marcel Proust

"Jesus's resurrection is the beginning of God's new project not to snatch people away from earth to heaven but to colonize earth with the life of heaven. That, after all, is what the Lord's Prayer is about."
— N.T. Wright, Surprised by Hope: Rethinking Heaven, the Resurrection, and the Mission of the Church

"Who owns history? Everyone and no one--which is why the study of the past is a constantly evolving, never-ending journey of discovery."
— Eric Foner, Who Owns History?: Rethinking the Past in a Changing World

"You might tell me that you have been engaging in some deep questioning and theological rethinking.1 You can no longer live with the faith you inherited from your parents or constructed earlier in your life. As you sort through your dogma and doctrine, you've found yourself praying less, less thrilled about worship, scripture, or church attendance. You've been so focused on sorting and purging your theological theories that you've lost track of the spiritual practices that sustain an actual relationship with God. You may even wonder if such a thing is possible for someone like you."
— Brian D. McLaren

RESENSIE: Is dit die fliek van die jaar?

Christiaan Boonzaier

Fliekgangers en rolprentresensente ervaar in die laaste kwartaal van die jaar gewoonlik 'n vroeë Kersfees wanneer die wêreldwye wedloop om veral 'n Oscar-prys begin en rolprentvervaardigers hul beste breekware daarvoor uithaal.

Hoewel die ooraanbod van uithaler-rolprente in dié tyd in Suid-Afrika in min of meer dieselfde tyd vertoon as wat dit in die buiteland uitgereik word, skyn die kalklig egter op eie bodem die dofste op rolprente wat nié 'n Engelse draaiboek het nie.

Die meeste van dié haal glo weens byna onbeduidende kykergetalle nooit die plaaslike kringloop nie, en dié wat dit wel haal verdwyn 'n paar dae nadat dit verskyn het – en dan ook eers 'n jaar nadat dit in die res van die wêreld gedraai het.

Dit was daarom ietwat vreemd om te sien hoe Ster-Kinekor én Nu Metro die Suid-Koreaanse rolprent *Parasite* so vroeg op die hande dra en dit nie net op 11 Oktober landwyd uitreik nie, maar op sommige plekke in die land daaraan selfs dieselfde – indien nie meer nie – blootstelling as die (Engelse) gruweltreffer *Ready or Not* gee.

Hoekom? Is dit omdat die regisseur Bong Joon-ho met rolprente soos *Snowpiercer* (2013) 'n groot aanhang in Suid-Afrika gekry het? Onwaarskynlik. Kan dit wees omdat *Parasite* vroeër vanjaar die eerste Koreaanse fliek geword het om die Cannes-rolprentfees se topprys, die Palme d'Or, te wen? Miskien, maar vorige wenners – *Shoplifters* (2018), *The Square* (2017), *I, Daniel Blake* (2016) – het ook op eie bodem aan die agterspeen gesuig.

Of is dit bloot omdat *Parasite* sterk aanspraak maak op die titel as die beste rolprent van die jaar? Dit is buitengewoon vir 'n rolprent met 'n nie-Engelse draaiboek, ja, maar ná 'n mediavoorskou in Kaapstad kan ek rapporteer dat dít in alle waarskynlikheid die antwoord is.

Die rolprent word in Suid-Afrika as 'n drama bemark, maar is elders ter wêreld ook al as 'n "sielkundige komedie" en "komiese riller" beskryf – genres wat 'n mens soos grondboontjiebotter en Marmite nie aldag saamgooi nie. Bong sou die mengelmoes in alle waarskynlikheid so verkies omdat dit die kyker nie vooraf toelaat om die rolprent in 'n boksie te plaas nie. Dit wat jy dus vermoed gaan nie noodwendig wees wat jy uiteindelik kry nie.

Bong se komiese aanslag kom wel na vore in sy vertelling van die werklose Kim-gesin, pa, ma, seun en dogter, wat in armsaligheid vasgevang is en 'n wanhopige bestaan voer. In 'n poging om hulself van die lae sosiale klas te stroop waarvan hulle so siek en sat is, draai hulle die skatryk en liggelowige Park-gesin 'n rat voor die oë en maak hulle hulself op 'n bedrieglike manier tuis in die Park-huishouding as

onderskeidelik motorbestuurder, huishoudster, Engelsonderwyser en kunsterapeut.

Die lewe vir die Kims is skielik goed. Hulle melk die Parks soos net woekerdiere kan, maar besef nie terwyl hulle vreet dat hulle tegelykertyd ook op dryfsand staan nie: Hoe meer hulle hulself uit 'n karige bestaan wriemel, hoe dieper sak hulle weg in 'n skynlewe vol leuens en bedrog.

Dit is dan wanneer 'n *Lord of the Flies*-tipe stryd om oorlewing losbars en die fliek so vinnig wendings opdiep en van genres verwissel dat jy eintlik 'n sitplekgordel nodig het. Meer durf ek nie sê nie.

Bong het as skrywer sy stewige storievertelling voorgesit, wat ondersteun word deur byna eindelose dialoog. Kykers sal dus vir meer as twee uur die fliek met Engelse onderskrifte moet "lees", maar dit is hier werklik nie moeite nie. Ondanks heelwat eenvoudige metafore is sy ontleding van sosiale klas, rykdom en menswees meesterlik, en die eindproduk 'n geskenk waarmee fliekgangers byna nooit bederf word nie.

Dit verdien 'n Oscar vir beste internasionale rolprent – en sal daarby ook sterk aanspraak maak op die goue beeldjie vir beste rolprent van die jaar

Met o.a. Song kang-ho, Lee Soen-kioen, Tsjo Jeo-djeong, Tsjoi Woe-sjiek en Park Soe-dam. Regie: Bong Djoen-ho. Ouderdomsbeperking: 16 DGST. Tydsduur: 132 min. In 2D.

https://www.netwerk24.com/Vermaak/Flieks/resensie-is-parasite-fliek-van-die-jaar-20191009

"I would maintain that thanks are the highest form of thought; and that gratitude is happiness doubled by wonder."
— G.K. Chesterton

"The Christian message has a moral challenge. If the message is true, the moral challenge has to be accepted. So God is not a fit object for man's detached scrutiny. You cannot fix God at the end of a telescope or a microscope and say "How interesting!" God is not interesting. He is deeply upsetting. The same is true of Jesus Christ … We know that to find God and to accept Jesus Christ would be a very inconvenient experience. It would involve the rethinking of our whole outlook on life and the readjustment of our whole manner of life. And it is a combination of intellectual and moral cowardice which makes us hesitate. We do not find because we do not seek. We do not seek because we do not want to find, and we know that the way to be certain of not finding is not to seek … Christ's promise is plain: "Seek and you will find."
— John R.W. Stott, Basic Christianity

John R. W. Stott is known worldwide as a preacher, evangelist, and communicator of Scripture. For many years he served as rector of All Souls Church in London, where he carried out an effective urban pastoral ministry. A leader among evangelicals in Britain, the United States and around the world, Stott was a principal framer of the landmark Lausanne Covenant (1974). His many books, including Why I Am a Christian and The Cross of Christ, have sold millions of copies around the world and in dozens of languages. Whether in the West or in the Two-Thirds World, a hallmark of Stott's ministry has been expository preaching that addresses the hearts and minds of contemporary men and women. Stott was honored by Time magazine in 2005 as one of the "100 Most Influential People in the World."

https://www.goodreads.com/author/show/14919141.John_R_W_Stott

Brood vir die pad

Plant vrugtebome van hoop as skans teen die realiteit

RRV

In die Christelike tradisie is hoop – saam met geloof en liefde – een van die drie sogenaamde teologiese deugde (vergelyk 1 Korintiërs 13:13).

Maar wat is hoop?

Hierdie vraag behoort tot die hart van die werk van die Brasiliaanse teoloog en digter Rubem Alves (1933-2014). Vyftig jaar gelede verskyn sy boek A Theology of Human Hope waarin hy dit duidelik maak dat ons spreke oor hoop nie van ons historiese werklikhede geskei moet word nie.

Hoop staan daarom nie los van die weerstand teen ongeregtigheid en verontmensliking midde-in die geskiedenis nie. Ons moet dus nie hoop sonder die geskiedenis bedink nie. Maar, voeg hy by, ook weer nie die geskiedenis van hoop ontledig nie.

In sy daaropvolgende werk *Tomorrow's Child: Imagination, Creativity, and the Rebirth of Culture* (1972) beskryf hy hoop soos volg: "It is the presentiment that *imagination is more real* and *reality less real than it looks*. It is the *hunch* that the overwhelming brutality of facts that oppress and repress is not the last word."

Hoop hang dus vir Alves saam met die verbeeldingskrag om die werklikheid dieper te deurskou. Sy pleidooi is allermins vir 'n verstaan van hoop wat nie met die realiteit van pyn en lyding rekening hou nie. Maar swaarkry sonder hoop lei weer tot bitterheid en wanhoop.

Daarom sy oproep: Kom ons plant en versorg vrugtebome, al sal ons nooit daarvan eet nie. Want dit dien as teken van 'n hardnekkige verbintenis aan die toekoms van ons kleinkinders.

Alves verwys dan ook graag na die vertelling aangaande die Japannese *kaki*-boom. Nadat die atoombom op Hirosjima geval het – en 200 000 mense gedood is, en alles tot op die grond afgeskroei is – het dié boom oorleef. Die Japannese het dit goed versorg, en die sade van die vrugte is weer geplant en na ander stede versprei. Die *kaki* (persimmon) het sodoende 'n simbool van hoop geword.

Alves se gedagtes oor hoop en verbeelding dien as herinnering dat die werklikheid dalk meer kompleks is as wat ons "realisme" ons toelaat om te sien. En dat ons te midde van ons eie wanhoop oor die toekoms in die lig van die harde realiteit van persoonlike terugslae, politieke onstuimigheid, ekologiese verwoesting en ekonomiese druk, ook met sade van hoop kan rekening hou.

Want volgens Alves is hoop juis gebou op die vermoede "that the frontiers of the possible is not determined by the limits of the actual, and that in a miraculous and unexpected way life is preparing the crea-tive event which will open the way to freedom and resurrection."

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/plant-vrugtebome-van-hoop-as-skans-teen-die-realiteit-20191004

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877